DIE GESAGVOLLE WOORD

deur Prof WD Jonker

Die gesprek oor die gesag van die Bybel wat tans in die kerk aan die gang is, staan veral in verband met verskille in die interpretasie van die Skrif, waaragter egter ook verskille in die beskouing van die aard van die Skrifgesag kan lê. Dit is 'n noodsaaklike gesprek, waaruit hopelik groter helderheid oor die wyse waarop die Skrif benader moet word, gebore kan word.

Die aard van die Skrifgesag het vir baie lidmate aktueel geword as gevolg van vrae oor wysiginge in die interpretasie van die Skrif wat in die afgelope dekades oor bepaalde sake in die kerk voorgekom het. Dit het onder andere gegaan oor die dra van hoede deur vrouelidmate tydens eredienste, die verbod op rasgemengde huwelike, die regverdiging van apartheid, die vrou in die amp ens.

By hierdie verskuiwings en en die verskille daaroor was die gesag van die Skrif as sodanig nie in die gedrang nie. Die vraag was hoe die gesag van die Bybel as boek wat uit 'n totaal ander kulturele klimaat as ons eie afkomstig is, in ons huidige situasie funksioneer. Dit word egter anders as dit blyk dat daar onder teoloë uit eie geledere ook verskil oor die gesag van die Skrif as sodanig bestaan.

Sulke ontwikkelinge maak dit nodig dat opnuut gevra moet word hoe die belydenis van die gesag van die Skrif verstaan moet word. Die gesprek oor die Skrif wat tans aan die gang is, het veral daarop betrekking. Daaroor kan kortliks opgemerk word:

1. Die heel eerste wat onthou moet word, is dat *die Bybel die boek van die kerk is wat alleen in 'n gelowige omgang daarmee reg waardeer kan word.*

'n Mens kan natuurlik die Bybel bloot as 'n literêre dokument of as 'n bundel religieuse geskrifte lees wat oor 'n lang tydperk in die geskiedenis ontstaan het. Dan staan jy neutraal daarteenoor en hanteer dit soos alle dokumente uit die verlede hanteer word - sonder persoonlike betrokkenheid en vanuit 'n kritiese gesigshoek.

Maar dit is nie hoe die kerk die Bybel lees nie. Die kerk lees die Bybel in die geloof dat dit Gods onfeilbare Woord is. Daardie geloof word in die kerk opgeroep en lewend gehou deur die Bybel self. Die verhouding van die kerk tot die Bybel is nie dié van blote wetenskaplike respek vir 'n religieuse geskrif uit die verlede nie. Dit is die vrug van aangesprokenheid deur die Bybel as die Woord van God wat onder die mag van die Heilige Gees die middel is waardeur die lewende God self met sy gemeente praat.

2. *Die Bybel is as die geïnspireerde Woord van God die instrument van die Gees wat alleen deur die verligting van die Heilige Gees reg verstaan en gebruik kan word.*

Dat die kerk in die Reformasie *kerk van die Woord* geword het, was nie die resultaat van 'n onbetrokke wetenskaplike omgang met die Bybel nie, maar die vrug daarvan dat die gemeente ervaar het dat hulle persoonlik deur die Bybel as die Woord van God *aangespreek* is. Die erkenning van die gesag van die Skrif is 'n *eksistensiële en 'n geestelike saak*. Wie die gesag van die Bybel aanvaar op grond van wat andere of ook die kerk daarvan sê, stem nog nie persoonlik werklik in met die belydenis dat die Bybel die Woord van God is nie.

Die Bybel is *die swaard van die Gees* (Ef 6:17). Dit het deur die inspirasie van die Heilige Gees tot stand gekom en is opgeneem in die dinamiek van Gods eie spreke. Daarom is dit die Woord van God self, die Woord waarvan Jer 23:29 sê dat dit soos 'n vuur is, soos 'n hamer waarmee klippe stukkend gebreek word.

Die Reformasie van die 16de eeu is gebore uit die ervaring dat die Woord van God, soos Hb 4:12 sê, *lewend en kragtig is, skerper as enige swaard met twee snykante*, wat tot in die diepste wese van die mens deurdring en die bedoelings en gedagtes van die hart beoordeel. Die amptelike kerklike lewe was destyds gestempel deur die liturgie en die sakramente. Die Skrif was wel daar, maar dit het nie as lewende Woord gefunksioneer nie. Eers toe die Woord in 'n lewende ontmoeting daarmee as evangelie van genade herontdek is, is die kerk in 'n totaal nuwe verhouding tot die Bybel gebring.

In die omgang met die Skrif het dit geblyk dat die Skrif deur die werking van die Gees sy eie uitlegger is en alleen deur die verligting van die Gees reg verstaan kan word. Die prediking van die Woord het daarom die hart van die erediens geword. Dit is verstaan as uitleg en toepassing van die Skrifteks self. Dit het die kerk van wettiese religiositeit bevry tot 'n lewe uit die beloftes van God.

3. *Die gereformeerde belydenisskrifte lê daarom 'n swaar aksent op die gesag van die Woord van God.*

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) wy ses artikels aan die Skrif. Daarin word gesê dat die boeke van die Bybel aanvaar word as "heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is, nie soseer omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar *besonderlik omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is*" (art 5).

Dit gaan hier om die *geestelike gesag* van die Skrif wat in die ontmoeting met die Woord *ervaar* word as die inherente geloofwaardigheid daarvan (*outopistie*). Op grond van 2 Pt 1:21 en 2 Tm 3:16 bely die kerk daarom dat die Skrif deur die Gees van God *geinspireer* is, dat dit onder beademing van die Heilige Gees tot stand gekom het. Deur die werking van dieselfde Gees word die lesers en hoorders daarvan met die lewende God self gekonfronteer. Daarom is die gesag van die Skrif die gesag van die lewende, sprekende God self (HW Rossouw: *Klaarheid en Interpretasie*, 158).

4. *Die gesag van die Skrif staan in die nouste verband met die doel van die Skrif.*

In art 7 van die NGB word gesê dat die Skrif "*die wil van God volkome bevat*" en dat "*alles wat die mens moet glo tot saligheid, genoegsaam daarin geleer word.*" Daaraan word toegevoeg: "Aangesien die hele wyse van die diens wat God van ons vereis, daarin uitvoerig beskrywe is, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - *ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel*, soos die apostel Paulus sê (Gl 1:8)."

Die gesag van die Bybel moet dus nie daarin gesoek word dat dit 'n onfeilbare en foutlose heilige boek is wat aan ons oor natuurkundige, historiese of ander wetenskaplike sake eksakte informasie gee nie. Die gesag van die Skrif het betrekking op die *doel* daarvan, nl om ons te leer wie God is, wat sy heilsbeloftes is en sy wil vir ons lewe is. Dit gaan in die Bybel ten diepste om die *wet en die evangelie*.

Johan Heyns het gesê dat die Skrif 'n hart of sentrum het wat die ganse Skrif laat leef en sinvol maak. "Die sentrum van die Skrif is Gods Koninkryk, en die sentrum van die sentrum is Jesus Christus." Die Skrif is onfeilbaar as boodskap aangaande die koninkryk van God (*Dogmatiek*, 28-32).

5. *Die Bybel is wesenlik die gesagvolle verkondiging van die heilsdade van God waarop die geloof van die gemeente rus.*

Die kern van die Bybel is die groot heilsdade van God in die geskiedenis van die ou en nuwe verbond, wat kulmineer in Jesus Christus as die vleesgeworde en opgestane Woord van God. Aanvaarding van die gesag van die Skrif hang ten nouste saam met die geloof in Gods verlossende dade soos dit in die Skrif geleer word. Die Bybel is nie 'n leerboek vir wetenskap of geskiedenis nie, maar verkondiging van Gods magtige verlossingsdade. Die geskiedenis wat in die Bybel meegedeel word, kom tot ons in die vorm van 'n profetiese getuienis aangaande Gods verlossingswerk en sy omgang met sy volk.

Die geloof is op die heilsdade van God gerig en lei tot gehoorsaamheid aan die wil van God wat daarmee saamhang. Daarom verset dit homself teen die soort rasionalistiese Bybelkritiek wat sedert die 18de eeu opgekom het, omdat dit die Bybel benader as net nog 'n religieuse dokument onder andere. Die geloof dat die Bybel die Woord van God is, rus nie op redelike insigte nie, maar op 'n sekerheid wat alleen aan die werking van die Heilige Gees toegeskryf kan word.

Tog is dit geen blinde geloof nie, maar 'n geloof wat soek om te verstaan wat Gods Woord werklik vir ons wil sê, juis waar dit nie anders tot ons kom nie, as in die gestalte van die woorde van mense wat histories- en kultuur-bepaald is. Dit is waaroor die teologiese gesprek rondom die Bybel gaan, en ons mag daarvan seker wees dat die Heilige Gees daarvoor sal sorg dat die gesag van die Woord van God altyd weer in die hart van die gemeente bevestig sal word.